Ek stel dit aan u dat u getuienis dat die polisie op hierdie mense sou geskiet het sonder enige rede en dat die mense op pad werk toe was selfs verpleegsters in uniform en skoolkinders in uniform op pad skool toe, is totaal vals? -- Hulle het met traangas geskiet om hierdie klomp wat van plan was om werk toe te gaan uiteen te jaag.

HOF : Was daar geen kinders op straat wat nie op pad

skool/...

skool toe was nie? -- Al kinders wat daar was, was op pad skool toe. Dit was 'n Maandag gewees.

Maar het u nie gehoor dat daardie dag 'n skoolboikot sou wees nie? -- Nee, niks, want selfs my kinders sou vir my gesê het en dan sou hulle hulle nie self voorberei het om skool toe te gaan nie.

Hoe oud was u kinders? -- Die een was veertien en die ander een tien jaar oud.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u dat wat inderdaad gebeur het is dat daar was groepe wat die polisie gegooi het met klippe en wat gewapen was met klippe en kieries en dit is hoekom die polisie traanrook geskiet het? -- Nee, ek weet glad nie daarvan nie. Ek het dit glad nie gesien nie.

Die kwessie wat u van praat van 'n stuk oop veld, is dit werklik 'n biersaal? Is dit nie 'n oop stuk veld wat daar was nie? -- Verstaan my nou so mooi. Dit is 'n oop stuk veld waardeur jy die Familie Store kan sien. Die Familie Store se struktuur is 'n struktuur van dieselfde gebou met die biersaal. Dit wil sê die biersaal is by die Familie Store.

HOF : Maar dit is aan die ander kant van Seeisostraat? -- Ja, anderkant in die rigting van Seeiso. Die voorkant daarvan is na Seeiso toe.

Nee, man, as u nou kyk van u voordeur af, moet u bo-oor Seeisostraat kyk om dit te sien of nie bo-oor Seeisostraat kyk nie? -- Ek sien terselfdertyd Seeiso en die Familie Store.

Watter standerd het u op skool behaal? -- St. 6.

Nou dan moet u nie so dom wees nie. As ek vir u vra wat kom u eerste by, by Seeisostraat of by die Store

dan/...

dan kan u my seker antwoord? -- Ek loop direk na die Familie Store toe. Ek loop nie oor Seeisostraat nie. Seeisostraat is aan my regterkant.

Ja, dan het u netnou vir my verkeerd vertel. Loop u dan oor die oop stuk veld om by die Familie Store te kom? -- Ek gaan net oor Raborokostraat en dan kom ek by die oop stuk veld en dan by die Familie Store.

MNR. FICK : Weet u hoe lyk 'n UDF,'n Release Mandela of 'n COSAS T-hemp? -- Nee, glad nie.

Hoe lank na 3 September 1984 het u 'n verklaring gemaak? -- 'n Verklaring? Watter een? Die een waarvan ek nou hier praat?

Korrek? -- Dit was verlede jaar in Maartmaand.

Dan stel ek dit aan u u het op 3 September nie spesifiek gekyk vir kleredrag nie? -- Nee, maar ek het nie so goed gesien nie.

En toe u verlede jaar 'n verklaring gemaak het, stel ek dit aan u, u kan nie onthou wat se kleredrag u alles gesien het by die mense nie en u getuienis dat daar geen T-hempies gedra was nie is vals? -- Nee, ek het glad nie T-hemde gesien nie. Ek het dit nie gesien nie. Ek wil nie myself vasbind op iets wat ek nie gesien het nie.

U het op geen stadium die oggend van 3 September die geheel van Seeisostraat gesien nie. Is dit reg? -- Nee, ek het nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Die biersaal, is dit 'n aparte gebou of is dit 'n deel van die gebou waar die Family Store is? -- Dit is dieselfde gebou, die selfde struktuur. Daar is net 'n afskorting van 'n muur tussen die twee. Die een is die winkel en die ander een is die biersaal.

HOF/...

HOF : Het daar enige winkels, besighede, voertuie of wat ook al in die omgewing gebrand daardie dag? -- Ek was die meeste van die tyd in die huis gewees waar ek myself behandel het nadat ek deur hierdie traangas geaffekteer was. Dus is ek nie in staat om vir u te sê of daar enigiets gebrand het nie, maar wat my betref het ek niks gesien wat gebrand het nie.

Het u ooit agterna agtergekom dat daar iets gebrand het in daardie omgewing? -- Nee, ek het geen plek wat al vantevore gebrand het gesien na hierdie voorval nie.

Is daar enigiets in die omgewing beskadig daardie dag? -- In die nabyheid van waar ek bly?

Ja, wat u van weet daar in u area? -- Op die volgende dag - in Seeisostraat is daar twee winkels wat apart staan. By een van daardie winkels het ek mense gesien heen en weer beweeg.

Ja, maar ek wil nou net weet of u weet van enige beskadiging in u omgewing op daardie dag, 3 September? -- Nee, ek weet nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

K1229.30 MR BIZOS : I just want to give the page numbers to your lordship if your lordship wants it.

COURT : Yes, please.

MR BIZOS : The general cross-examination on Seeiso Street starts on page 3 422 up to page 3 429. Then the question of the placards is again taken up at 3 433 until 3 437 and I see I did ask the question that your lordship suggested I should have asked at page 3 435.

COURT : That is where exactly?

MR BIZOS : He says "Nee, dit was kort na Seeisostraat,

na/...

na ek Seeisostraat binnegegaan het.

COURT : He came from the direction of 19? From point 19, is that right? That is the administrative offices?

MR BIZOS : Yes. We may be able to limit it, but if I understand the position correctly the last two witnesses were in any event from that ...(Court intervenes)

COURT : Yes, by coincidence you started at the right end it seems?

MR BIZOS : At the right end, but that question was in fact asked, but I may say that he goes on to say that he went on for five kilometre and that he saw other placards along the way and his description of the whole Seeiso Street situation was put in issue and I may also remind your lordship that we cross-examined the man who pictures from the air which showed there were only very small groups on the various corners and not the picture that the brigadier described. Unfortunately there is no other witness available I indicated to your lordship yesterday that our week's program was disrupted somewhat. We hope to finish the Free State part of the case next week and the probabilities are that we will thereafter deal with some of the evidence relating to the East Rand. I have forgotten the name of the other place.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Tshakane?

MR BIZOS : No, Daveyton. I think that is probably where we are going to, but there will still be some Sharpeville and some ... (Court intervenes)

COURT : Yes, we have only covered four blocks so far.

MR BIZOS : And Sebokeng witnesses inbetween.

COURT : So, can we look again at Thabong for Monday morning?

MR BIZOS : Yes, unless something untoward happens. I am

informed/...

informed that some of the people will be here. Possibly Kroonstad and possibly ... (Court intervenes)

COURT : Do you mean Seeisoville again? Thabong or Seeisoville?

MR BIZOS : Both. There may be both. If people come through it will be both.

COURT ADJOURNS TILL 14 MARCH 1988.

COURT RESUMES ON 14 MARCH 1988.

MR BIZOS : All the accused are here. My Lord, I wonder whether we could experiment by switching off the overhead fan. I do not want to inconvenience your lordship or the other people here, but I feel that it may be partly responsible for my headcold.

COURT : We can try it. Give it a go. If you are not cured in two days, we will put it on again.

SOLOMON THAPELO MOLOI, d.s.s. (Through interpreter)

MR BIZOS : The witness will give evidence on the events of the two schools on 11 February 1985 in Seeisoville, the funeral of 18 February and the MASO meeting after the funeral. I will lead him as briefly on these issues.

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Moloi, how old are you? -- 20 Years.

And you live at 2940 Phomolong? -- Yes.

Are you still at the Bodibeng High School? -- Yes.

Do you recall that in 1985 whilst you were a pupil there whether you had any problem in your school? -- Yes.

What was the problem? --It was during the election of the prefects.

COURT : What standard were you then? -- St. 8.

MR BIZOS : How is it that you are still in ST. 9 since 1985? -- What happened is, when I was promoted at the end of 1985 to St. 9 I could not go to school because my parents did not have money to keep me at school. As a result I had to go and work in order to give some assistance to my parents financially.

And did you start again in St. 9? -- I went back to school starting with St. 9 and I failed my St. 9.

ASSESSOR/...

ASSESSOR (MR KRUGEL) : When was that? -- In 1987.

MR BIZOS : So, you missed school during 1986? -- Yes.

I do not want you to give us the details, but you yourself - or the reasons why unless you were asked - were you in favour of the prefect system? -- No, I was not.

Were there any other difficulties that you were experiencing at the school, you or your fellow pupils? -- No, the only problem we had was about the prefects.

Were you at an assembly on 11 February 1985? --Yes, I was.

What happened there? Please tell us briefly in your own words? -- What happened that morning is that on arrival at that school I went to the classroom where I had to leave my books. After having done that, I left the classroom attending the parade, where we sang some hymns and prayed. After that the principal came to the assembly and addressed the students saying that he, the principal was going to call on a teacher who will come and mention the names, announce the names of those who are going to be the prefects. The students did not approve of what the principal had said. When the teacher started announcing the names of those who were elected as prefects, the children then started grumbling and mumbling. The teacher himself was trying to keep the children quiet, but they would not listen to him. They continued making noise. After the announcement of the names, that is the names of the prefects, the principal gave orders that the parade disperse, meaning that we are now to go to our classrooms. From the parade, we the people who were occupying a classroom on an upper level of the classrooms, which is the top block, we formed a queue marching to the

classroom/...

classroom. When we came into the classroom, on looking around in the classroom, I realised that the children were not there. We are not the usual number of students in the class. Some three or five minutes after having arrived at the classroom the teacher came in and told us to sit down,. which we did, while the teacher was also standing there waiting for the others to arrive and these other children did not arrive. Whilst still in the class I heard some noise from the children who were running on the top block to the main block. In fact, there was a confusion on the premises.

COURT : Were they running in the passages? -- All over the place, the premises of the school. When that was happening, the teacher left the classroom. Not long after he, the teacher, left the classroom the students also from our class left the class.

You as well? -- Yes.

MR BIZOS : Please carry on? -- We went out and tried to find out from the children who were at this stage already outside, what was happening, on which they replied saying they were not satisfied about this system of the prefects. While we were still outside there as a result of the explanation given, a certain boy, one of the students, then suggested that we go to Kananelo to go and ask for support. Meaning that we from Bodibeng must go to Kananelo.

Support for what? -- According to his address there we were to go to Kananelo to go and ask for support with reference to the SRC's, meaning that for the SRC's to be accepted, we had to go and canvass for support from Kananelo.

Do you know this boy that made this call? -- He was

in St. 10. I only know his face, that is his appearance. Otherwise what his name is, that I do not know.

Is your school divided into sections? Do the St. 8's and St. 10's move in the same section of the school or are you in the same section? -- During the year 1985 St. 9 and 10 occupied a certain section of the school and St. 7 and 8 were also accommodated at a different part of the same school. Not at present. At present there is no separation of classes according to seniority.

How was this call that you should go and ask for support at another school received? -- There was no oral reply to that. Instead what happened is, immediately after he made the suggestion everybody left for Kananelo.

Were they saying anything as they were leaving for Kananelo? -- Yes, something was said.

What? --"We want SRC. We want SRC."

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Say or shout? -- They were shouting.

MR BIZOS : And you yourself, did you join this movement towards the other school? -- Yes.

Did you take a leading part or were you just following? -- I was just within the group not a leading part.

Did you move towards Kananelo School? -- Yes.

Did you reach Kananelo School? -- Yes, we did.

What did you see when you approached the school? -- I noticed the following. As we were approaching, not far from Kananelo this time, there were students outside, that is Kananelo students outside the classrooms, that is on the premises but outside.

COURT : Was this in schooltime? -- Yes.

They were not doing physical training or that sort

of/...

of thing? -- No.

MR BIZOS : Your school, did you approach the Kananelo School very quietly or was there any noise being made? -- No, I have already explained leaving Bodibeng for Kananelo there was some noise which was being shouted.

Whilst you were walking along and whilst you were approaching Kananelo School? -- Yes.

What noise was that? -- "We want SRC. We want SRC."

COURT : What is SRC? -- Well, I will say I do not know what SRC is.

You do not know what it is? -- Yes.

But how could you shout "We want SRC" if you do not know what it means? -- Well, I took it that was a way one could indicate his dissatisfaction.

MR BIZOS : With what? -- With the prefect system.

COURT : And of course it was all very jolly, great fun? -- I do not understand that one.

Did you think it was great fun to go along? -- Well, to me, yes. That is how I took it.

MR BIZOS : What happened when you reached the Kananelo School? -- When we came there, one student from the Bodibeng School who arrived there, called upon the Kananelo children to come and join us in support.

Was there any response to that? -- Then the students who were outside on the premises of Kananelo came running towards us, that is all those who were outside who could hear the request from the speaker on our side.

Yes and then? -- As they were coming running to join us, in looking around I noticed police vans coming from a direction. They came towards us, as a result of which

some of the students ran away leaving the others behind. The police came up to a certain point where the vehicles were stopped and fired teargas into the group, that is our group which was there.

Before teargas was fired, did you hear any call to disperse or any call for anybody to come forward and explain himself or to do anything? -- No.

Before this teargas was used, did you see or hear anyone behaving in a riotous fashion? -- No.

COURT : What do you understand in a riotous fashion? -- I understand it to mean that a person who displayed a fighting mood.

MR BIZOS : Were any of your fellow scholars armed in any way? -- No.

Did you hear anyone of them threatening violence to anyone or threatening to destroy any property? -- No.

At what time did this dispersal take place as far as you are concerned? -- I would say at about 09h00.

What did you do then? -- After the shooting of the teargas by the police I started running away.

Where did you go to? -- I ran home.

Did you stay there? -- When I got there I slept.

After - what time did you wake up. Do you know? -- If I still remember well when I woke up it was at about 12h00 or 13h00. I am not certain of the time.

Did you notice anything happening at or near the Phomolong shopping centre? -- Yes, what I noticed was that there was some smoke in the air (atmosphere full of smoke).

Where was that smoke coming from into the atmosphere? -- I just came out of our yard, that is into the street

from/...

from the gate and looked in the left direction. I noticed some smoke from the shopping centre.

COURT : From Phomolong shopping centre? -- Yes.

MR BIZOS : Did you see anything else untoward there later after you saw the smoke? -- No, that was the only thing I saw namely the smoke.

Did you know Joseph Matches at all? -- I did not know him.

Had you heard that he died? -- Yes, I had.

Did you go to his funeral? -- Yes, I did.

Did you go to the house of Joseph? -- Yes, I did go to his house.

And from the house did you go to the cemetery? -- Yes.

Did you notice any persons behaving in a riotous fashion along the way that is threatening anybody or showing a disposition to fight or anything like that? -- Is the question on our way to the grave-yard?

Yes? -- No, I did not.

Did you see any women lifting their skirts in front of policemen? -- In front of the policemen? No, I did not see that.

Do you recall whether anybody spoke at the funeral? -- Yes, I do recall that somebody spoke.

Who do you recall speaking? -- Dennis Bloem and Mr Terror Lekota.

Did you know any of them before this day? -- The person I knew earlier or first was Dennis.

Where did you know him from? -- I met him whilst I was accompanying Mr Pie going to Metro Cash and Carry Wholesaler where he used to go and get some stock for his shop. It

was/...

was when Mr Pie greeted Mr Bloem there that I came to know that this person is Bloem.

And Mr Lekota, where did you hear his name? -- At the grave-yard.

From whom? -- From one Pitso who was standing next to me.

Do you remember anything that Mr Lekota said? -- Yes, I do remember.

What do you remember? -- I remember him saying that he came to know about some incidents which took place in Maokeng as a result of which rioting caused some damage to some people's property. He further said from what he heard this happened some weeks ago and it was not a good thing to have happened, because if there were any grievances, people should have discussed that.

Do you remember anything else that he said? -- That is all that I can remember.

Can you remember what Mr Bloem said? -- Yes, I do remember what Mr Bloem said.

What did he say? -- I remember him saying that the people must disperse from the graveside.

Did you go away as soon as Mr Bloem said that you should disperse? -- Yes.

Did you get outside the cemetery? -- Yes, through the gate and left.

You yourself, were you there anywhere near the gate when any teargas may have been used of had you gone away? -- I had gone through the gate while being in an open veld.

Where were you going to at the time that that happened? -- I was on my way home.

At your school in 1985 had you heard of COSAS? -- No.

Were/...

Were any of your fellow scholars wearing COSAS T-shirts, that is T-shirts with COSAS written on it? -- No.

Did you hear of MASO? -- Yes.

When did you hear about MASO for the first time? -- At school.

In relation to the funeral that you attended before or after? -- After the funerals.

Can you tell us more or less how long after the funeral that you attended?

COURT : Funerals, the plural.

MR BIZOS : Did you attend more than one funeral? -- I heard about MASO after all the funerals.

Yes, but did you go to any other funeral other than the one that you have described? -- No, I only attended one funeral.

How did you come to hear about MASO after the funerals? -- We were at school when some boys and girls came to tell us about MASO. That MASO was a body which will look into the problems of the students at different schools, like for instance when a student did not have a uniform on. This student would explain to MASO who in turn was to explain to the school authorities there as to why this student does not have a uniform on.

Did you attend any meeting where MASO was discussed? -- Yes.

Where was this meeting held? -- At school.

And how many of you were present? -- I do not quite remember how many exactly but we were few. About fifty.

And what happened there? -- What was said is the following, that this day was the day on which MASO committee

was/...

was to be elected but because of the fact that the students did not turn up in great numbers, it will therefore not take place. As a result of which then an ordinary committee was elected. That is an ordinary MASO committee and not the executive committee of MASO.

Were you yourself elected on this committee? -- No.

Did you attend any other meetings of MASO other than this one where this ordinary committee was elected? -- This was the first and the last meeting I attended when this committee was elected.

Did MASO conduct any public activities in your school, call people to meetings or look into uniforms and books? Did it do anything? -- No, they did not do anything.

K1232 <u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS</u> : Meneer, kan u vir die hof sê, weet u wat is COSAS? -- Ek sal nie kan sê nie.

Het u nie die vaagste benul wat COSAS is nie? -- Ja.

Nog nooit van COSAS gehoor nie? -- Ek het nog nooit gehoor nie.

Weet u wat is AZASO? -- Wat? AZASO?

Ja? -- Ek weet nie.

Het u ook nog nooit van so ŉ organisasie soos AZASO gehoor nie? -- Ek het nog nie gehoor nie.

Ken u ŉ organisasie bekend as MASCO? -- MASCO?

Ja, Maokeng Students Congress? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

Waar het jy daarvan gehoor? -- By die skool.

Het daar so ŉ organisasie daar ontstaan? -- Nee, daar het nie.

Wat het jy dan daarvan gehoor by die skool? -- Wat ek gehoor het is dat hulle daarvan gepraat het met die oog

op/...

op die stigting van MASCO. Dit is wat ek gehoor het.

Het jy enige vergaderings bygewoon waar die stigting van MASCO moes plaasgevind het? -- Nee.

Kom, wees nou eerlik met die hof. Is jy nie die publisiteitsekretaris van MASCO nie? -- Nee.

Bestaan daar op die huidige oomblik ŉ organisasiesoos MASCO daar by daardie skole? -- Maokeng se skole?

Ja? -- Ek weet nie of so iets bestaan nie.

Bestaan daar enige organisasie op die huidige oomblik in daardie skool waar jy skool gaan? -- Nee, daar is nie ŉ organisasie nie.

U het vir die hof gesê dat u is ook ontevrede met die prefektestelsel? -- Ja.

Is dit korrek dat voor 11 Februarie 1985 moes iemand tog daar op die skool vir julle vertel het "Kyk, ons is ontevrede met die prefektestelsel en wat ons wil hê in plek daarvan"? -- Niemand het nie.

Het niemand daar gesê hoekom is hulle ontevrede met die prefektestelsel voor Februarie 1985 nie? -- Ja.

Maar dan verstaan ek nie. Wat is dan die rede dat julle ontevrede is met die prefektestelsel? -- Die ontevredenheid van die skoolkinders was dat die prefekte saam met die onderwysers gewerk het, in die sin dat as daar klagtes was van die studente, kon die onderwysers nie daaraan aandag gegee het nie. Hulle het net nie aandag daaraan gegee nie. Tweedens, die prefekte, as hulle nie die uniform aan het nie, byvoorbeeld as hulle miskien ander kleure uniforms het, dan word hulle ook nie geslaan omdat hulle dit gedoen het nie, maar ŉ ander kind wat nie ŉ prefek is nie, word ŉ pakslae gegee.

Het/...

Het jy enige klagte self persoonlik oorgedra aan die prefekte wat hulle moes oordra aan die onderwysers? -- Ja, ek het.

Wat se klagtes is dit? -- Oor 'n das.

Wat se klagte het jy gehad oor 'n das? -- Die klagte was die volgende. Dit was na skoolure gewees op 'n Maandag. Ons moes nou studeer het na ure. Ek is toe uit die klaskamer uit om kos te gaan kry vir die middag alvorens ek begin het met my studies in die middag. Dus het ek my das in my boeksak gesit en is toe weg. Met my terugkoms het ek my instrumente met die das uit die boeksak vermis. Ek het dit dus aan die prefekte gerapporteer. Die prefek aan wie ek hierdie klagte gemaak het, het net geluister en na hy geluister het sonder enige kommentaar, het hy my net daar gelaat. Ek het toe teruggekeer na die klaskamer toe waar ek begin studeer het. Die Woensdag kom ek daar met die volle uniform sonder 'n das. Een van die prefekte skryf toe neer dat ek nie 'n das aangehad het nie, dit wil sê dat ek nie 'n volle uniform aangehad het nie. Ek sê toe aan hom dat ek by die ander man 'n klagte gemaak het van my verlore das en strumente. "Jy kan nie skryf dat ek nie 'n das aangehad het nie."

Wanneer het dit gebeur? -- Wil u die presiese datum hê?

Ja? -- Ek onthou net watter dag van die week dit was en die jaar, maar nie die presiese datum nie.

Wanneer? Watter jaar? -- In 1984.

En daarna het jy toe nou rondgeloop en onder die studente begin agiteer teen die prefekte? -- Nee, hierdie voorval het gebeur op 'n Woensdag by die hek waar ek net by die skool aangekom het waar hierdie man my voorgekeer het. Hy het

my naam opgeskryf en by die parade is ek uitgeroep dat ek na die "staff room" toe moet gaan waar ek pakslae gekry het omdat ek nie 'n das gehad het nie.

Het jy toe daarna geagiteer teen prefekte teenoor die ander studente? -- Nee, ek het nie in 1984 nie. Ek het nooit nie.

Maar sal jy dan saamstem daar moes tog geagiteer gewees het teen die prefekte in daardie skool van julle sodat die mense begin mor het op die oggend van 11 Februarie 1985? -- Ja, ek het mos al gesê wat het gebeur.

HOF : Verstaan u die vraag? Die advokaat sê voor 11 Februarie 1985 moes daar geagiteer gewees het teen prefekte. Is dit so of is dit nie so nie? -- Moontlik, ja, maar ek weet nie daarvan nie.

MNR. JACOBS : En is dit nie so nie dat daardie dag van die 11de was daar 'n optog beplan gewees met vooraf reëlings? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Daar was vooraf beplan gewees op die 11de dan sal daar 'n boikot van die klasse wees en dan sou julle in 'n optog gegaan het in die strate van die woongebied? -- Nee, dit was nie voorberei nie.

Kan u vir die hof sê hoe het julle verwag moes die ander skool, Kananelo Skool julle gehelp het in julle agitasie teen prefekte? -- Ekskuus?

Ek vra vir jou, hoe het jy verwag moes die kinders van Kananelo Skool julle gehelp het in julle agitasie teen die prefekte en prefekstelsel? -- Ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar net een persoon het hierdie voorstel gemaak dat daar na Kananelo toe gegaan moet word.

Maar hoe wou julle gehad het moes hulle julle help?

Jy/...

Jy antwoord nie my vraag nie? -- Volgens wat ek verstaan het van hierdie spreker wat die voorstel gemaak het, het hy gesê dat ons van hulle ondersteuning gaan vra dat hulle ons moet ondersteun om te bewys dat ons nie tevrede is met die prefektestelsel nie.

Maar hoe moes hulle julle help? Wat moes hulle doen? -- Ek weet ook nie. Ek was self verbaas, as hulle ons nou moet help, hoe?

Hoe het julle geweet Kananelo sal julle help? -- Ek het self nie geweet nie.

Hoekom het julle nie net ŉ afvaardiging gestuur na Kananelo Skool se kinders om hulle toe te spreek en hulle te vra om julle te help nie? -- Ek weet nie hoekom dit nie gedoen was nie.

Jy sien, dit is baie eienaardig. Die onderwysers in julle skool het mos nou geweet julle is ontevrede met die prefekstelsel. Is dit reg? -- Ekskuus?

Verstaan jy nie die tolk nie? -- Ek het ŉ bietjie ŉ probleem met my gehoor. My een oor hoor nie van die beste nie. Dit is hoekom ek altyd ekskuus vra.

HOF : Watter oor? -- Dit is my linkeroor.

Wel, jou regteroor staan op die oomblik teenaan die tolk. Luister na die vrae en antwoord hulle.

MNR. JACOBS : Die vraag is, die onderwysers het mos geweet van julle ontevredenheid met die prefekstelsel, dat julle ŉ studenteraad wil hê. Hoekom was dit dan nog nodig om na Kananelo Skool te gaan? -- Volgens die seun wat daar gepraat het, die student, was die rede hoekom ons na Kananelo gegaan het om ondersteuning daar te vra omdat Kananelo ook ŉ senior skool was.

Dit/...

Dit antwoord nog nie my vraag nie. My vraag en stelling aan jou is dat die onderwysers het dit mos nou geweet. Julle het dit mos baie duidelik bekend gemaak dat julle is nou gekant teen prefekte, julle het dit baie duidelik gemaak julle wil 'n SRC hê, hoekom was dit dan nog nodig? -- Ek weet nie hoekom nie.

Is dit nie so nie dat die studente op daardie skool van julle was baie kwaad gewees? -- In watter sin?

In die sin dat hulle was oproerig, hulle het nie geluister na die onderwyser nie. Is dit reg? -- Hulle wou nie geluister het nie, maar hulle was nie die tipe mense wat 'n mens kon beskryf het as mense wat onluste sou begin het nie.

Hulle was oproerig en hulle het geskreeu? Hulle het rondgeloop en rondbeweeg op daardie skoolterrein? -- Waar? Op die skoolperseel?

Ja? -- Ja, maar ek het vir die hof hier gesê dat hulle wel geraas gemaak het en gesê het dat hulle die SRC wil hê.

En dit het aangegaan vir 'n hele ruk daar op daardie skoolterrein, die geskreeuery, die op en af beweeg? -- Ja.

Dit het omtrent vir 'n halfuur so aangehou? -- Ek weet nie hoe lank dit geneem het nie.

<u>HOF</u> : In die proses, het die hoof nie probeer om julle weer terug te kry in die klaskamers nie? -- Wanneer? By daardie tyd?

Ja? -- Ek weet nie wat van die hoof van die skool geword het nie, maar soos ek al vroeër gesê het, na die parade is ons toe na die klaskamers toe. Terwyl ons in die klaskamers was het hierdie deurmekaarspul begin. Op daardie stadium het ek nie die hoof van die skool gesien nie. Ek weet nie

of/...

of hy daar onder was besig om met die ander te praat nie. Dit kan ek nie sê nie.

Maar die onderwysers, het hulle nie probeer om julle terug te kry in die klaskamers nie? -- Daar was van die onderwysers wat probeer het om die kinders in die klasse te kry, maar op daardie stadium was ons alreeds in die klaskamer gewees en ons onderwyser het tot by die klaskamer gekom.

MNR. JACOBS : En toe jy die klaskamer verlaat het saam met die ander, het jy deelgeneem aan hierdie op en af lopery en hierdie geskreeuery? -- Nee, ek, Pitso en Mogotheli was bymekaar gewees toe ons die klaskamer verlaat het. Ons het navraag gaan doen by ŉ ander man om te hoor wat nou daar gebeur het.

Maar het jy dan nie gesien wat gebeur nie? -- Ek het gesien. Daarby bedoel ~~ek~~ ons wou vanaf hom geweet het wat die oorsaak hiervan was wat ek daar gesien het.

HOF VERDAAG VIR TEE.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-33-364**
*Document Title:-* **Vol 364 p 20958-21001. Witnesses: Dipitso, Moloi**